# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 10**

**JUNIE 2019**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
5. Trek ŉ streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE KONING SE DILEMMA**



1. Jare gelede het die koning van Frankryk se minister baie siek geword. Hierdie minister was baie getrou en het die koning lojaal gedien. Die koning wou sy siek minister graag besoek. Daar was net een groot probleem. Die reëls van goeie maniere het bepaal dat niemand in die aanwesigheid van die koning mag lê terwyl die koning self sit of staan nie.

2. Die koning se hofmeester kry toe ‘n plan. Omdat die minister te siek was om te staan, het hy voorgestel dat die koning ook moes lê en so lê-lê het hulle die besoek afgehandel.

3. **Wat is etiket?**



Etiket is reëls vir goeie maniere. Dit beskryf dade van bedagsaamheid en vriendelikheid teenoor ander mense. Vroeër jare is die reëls vir goeie maniere baie streng nagekom. In China en Japan is swak maniere dikwels met die dood gestraf.

4. **Goeie maniere raak nooit uit die mode nie.**

   Goeie maniere en etiket is vandag noodsaakliker as ooit. Goeie maniere is soos goud in jou hand, want dit maak deure en harte oop. En vandag is goeie verhoudings noodsaakliker as ooit!

5. Hoewel “dankie”, “verskoon my”, “asseblief” en “aangename kennis” vandag steeds korrek **is**, is dit nie meer voldoende in ons vinnig veranderende wêreld nie.

6. Soos die woorde van die bekende – Basilius die Grote: “’n Boom word aan sy vrugte geken, ’n mens aan sy dade.

7. Hy wat hoflikheid saai, pluk vriende, en hy wat gaafheid plant, versamel liefde.”

8. Goeie maniere en bedagsaamheid maak deure oop, en etiket gee duidelike riglyne en reëls wat ’n persoon gemaklik laat voel. Waar hierdie reëls vroeër

dae by die huis aangeleer is, gebeur dit vandag maar selde. Iemand moet dit weer vir ons leer.

9. As jy eers weet dat wat jy doen en hoe jy optree, korrek is, sal jy gemakliker voel. Dit bevorder selfvertroue en verbeter sodoende menslike verhoudings. En daar is ’n bonus: Navorsing het bewys dat dit enige mens ’n voorsprong in die lewe gee en groot geleenthede skep.

**Verskillende kulture het verskillende reëls.**

10. Elke kultuur en land het hulle eie gebruike. Wat in een land goeie gedrag is, kan in ‘n ander land as ongeskik geag word. As ‘n gas in Tibet afskeid neem, steek hy vir sy gasheer tong uit om te wys dat hy die kuier geniet het. Dink net jou pa steek vir sy vriend tong uit as hy groet na ‘n lekker braai.

11. Nog ‘n voorbeeld is die gewoonte van sekere volke in Afrika wat glo die man moet eerste by ‘n deur instap om seker te maak dit is veilig. Die westerse kultuur sê weer dat dit goeie maniere is om die vrou voor te laat loop. As jy dus ‘n besoeker van ‘n ander land of kultuur ontvang of na ‘n ander land reis, vind vooraf uit oor hulle etiket.







**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf die vraagnommer en die antwoord neer’

1.1 Noem TWEE APARTE woorde wat vir ons sê dat die minister wat siek geword het ‘n baie goeie werker vir die koning was. (2)

1.2 Verduidelik waarom die koning nie sy minister kon besoek nie. (2)

1.3 Oor watter land het hierdie koning geheers? (1)

1.4 Wie het vir die koning raad gegee vir sy probleem? (1)

1.5 In watter liggaamsposisie was die koning en die minister toe hulle met mekaar gesels het? (1)

1.6 Kies die korrekte letter (A,B,C,D) om die betekenis van die volgende aanhaling te verduidelik.

"… hulle het die besoek afgehandel" (Paraagraaf 2)

A die besoek is gereël

B die besoek is uitgestel

C die besoek is vervroeg

D die besoek is voltooi (1)

1.7 Wat is etiket? (1)

1.8 Wat kon in Japan met jou gebeur as jy met swak maniere opgetree het? (1)

1.9 Watter voordeel kan dit vir jou inhou as jy weet wat goeie maniere is en dit altyd nakom? (2)

1.10 Verduidelik waarom jy dink respek is belangrik in 'n tiener se lewe. (1)

1.11 Noem TWEE plekke waar kinders goeie maniere behoort te leer. (2)

1.12 Hoe gaan dit jou bevoordeel as jy altyd gaaf en vriendelik teenoor mense optree? (1)

1.13 Waarna kyk mense om te besluit watter soort mens jy is? (1)

1.14 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Goeie maniere (verminder/vermeerder) jou selfvertroue. (1)

1.15 "Goeie maniere is soos goud in jou hand".

1.15.1 Het die sin 'n LETTERLIKE of FIGUURLIKE betekenis? (1)

1.15.2 Verduidelik jou antwoord in 1.15.1. (1)

1.16 Wie moet volgens Westerse kultuur eerste by 'n deur instap, 'n man of 'n vrou? (1)

1.17 Waarom is dit 'n goeie idee om te lees oor 'n land se kultuur voordat jy die land besoek? (1)

1.18 Hoe laat dit jou voel as iemand onbedagsaam teenoor jou optree? (1)

**STATISTIEK**

Bestudeer die statistiese inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: MOTORVERKOPE**




**HOEVEELHEID MOTORS VERKOOP WêRELDWYD**

**1990 – 2017 (IN MILJOENE)**

| | |
|---|---|
| **1990-'99 GEMIDDELD PER JAAR** | **39,2** |
| **2000-'13 GEMIDDELD PER JAAR** | **53,74** |
| **2014 GEMIDDELDE PER JAAR** | **71,18** |
| **2015 GEMIDDELDE PER JAAR** | **72,61** |
| **2016 GEMIDDELDE PER JAAR** | **77,29** |
| **2017 GEMIDDELDE PER JAAR** | **88,10** |

**NUWE MOTOR VERKOPE IN SUID-AFRIKA VIR 2017: 557 586 EENHEDE**

1,8% Verbetering in nuwe motorverkope in 2016

1,5% Verswakking vir gebruikte voertuie in 2017

3,0% Verbetering in vraag na nuwe voertuie in 2017

**44 MAANDE = HUIDIGE VERVANGING GEMIDDELD VAN NUWE MOTORS IN SUID-AFRIKA**

1.19 Waarom trek die inligting / statistiek dadelik die leser se aandag? Gee TWEE redes. (2)

1.20 Dink jy motorverkope wêreldwyd het vanaf 1990 tot 2017 gedaal? Motiveer jou antwoord. (1)

1.21 Wat is 'n "gebruikte" voertuig? (1)

1.22 Hoeveel nuwe motors is in 2017 in Suid-Afrika verkoop? (1)

1.23 In watter deel van die wêreld is die meeste motors in 2017 verkoop? (1)

1.24 Hoe lank ry 'n gemiddelde Suid-Afrikaner met 'n motor voordat hy 'n nuwe een koop? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

- Som die SEWE **wenke** vir 'n goedkoper oorsese reis in jou EIE VOLSINNE op.
- Jy mag slegs EEN sin oor 'n wenk skryf.
- Nommer jou wenke van 1 tot 7.
- Skryf jou sinne onder mekaar en puntsgewys neer.
- Jou opsomming mag NIE langer as **70 woorde** wees NIE.
- Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

**TEKS C**



**REIS OORSEE VIR MINDER**

Dink daaraan om na 'n kleiner lughawe naby 'n groot stad te vlieg. As jy Brittanje toe gaan, kan jy eerder na die Gatwick-lughawe toe vlieg as om direk na die Heathrow-lughawe te vlieg. Dis 'n halfuur per trein van Sentraal – Londen af.

Hou jou oë oop vir spesiale vliegaanbiedings, maar onthou om seker te maak dat die gekwoteerde pryse belasting en kostes soos die reisagent se fooie insluit.

Laat die internet vir jou werk. Jy kan die goedkoopste aanbiedings soek op webtuistes soos expedia.com of hotels.com.

As jy 'n motor wil huur, bespreek vooraf die goedkoopste motor. Moenie wag totdat jy daar is nie. Ekonomiese klas motors is nie altyd op die dag beskikbaar nie en jy sal dan outomaties 'n beter motor teen dieselfde prys kry.

Probeer om nie jou kos op duur plekke soos lughawens en toeristeplekke te koop nie. Supermarkte in plaaslike inkopiesentrums is goedkoper.

Beplan jou program so dat jy van nagtreine gebruik maak om tussen die plekke te reis waar jy wil wees. Op hierdie manier spaar jy die koste van 'n hotelkamer.

As jy vir 'n tydjie op een plek wil bly, dink daaraan om 'n woonplek te huur of om jou woonplek uit te ruil. Deur agentskappe soos www.homelink.org kan jy teen 'n tarief van R1 000 jou woonplek laat registreer.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**




3.1 Lees die volgende aanhaling en gebruik die onderstreepte woord in 'n volsin om 'n ander betekenis van die woord aan te dui.

<u>**Toon**</u> hierdie advertensie en kry 10 % afslag

(1)

3.2 Kies die korrekte **voorsetsel** tussen hakies.

Die dame is baie trots (met / vir / op) haar pragtige voete.

(1)

3.3 Verander die volgende sin in 'n **vraagsin**.

Voetlief is spesiaal vir jou gemaak.

(1)

3.4 Skryf die onderstreepte getal en simbool tussen hakies uit in woorde.

Kry (**10%**) afslag.

(1)

3.5 Skryf die **verkleinwoord** vir die woord tussen hakies.

Die dame se (**tone**) netjies versorg.

(1)

3.6 Gee die korrekte **vorm** van die woord tussen hakies.

Die meisie het 'n brief van haar (**lief**) ontvang.

(1)

3.7 Gee 'n **sinoniem** vir die woord tussen hakies.

Elke vyfde behandeling is (**gratis**).

(1)

3.8 Voltooi die volgende vergelyking.

Na die behandeling is die dame se hakke **so glad soos** ______**.**

(1)

3.9 Waarom word **Voetlief** met 'n **hoofletter** geskryf? (1)

3.10 Gee 'n **antoniem** vir die woord tussen hakies.

Kry Voetlief by jou (**naaste**) apteek.

(1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die vrae wat volg is op die volgende strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS E**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




4.1 Hoekom sal jy sê Neelsie is oneerlik? (1)

4.2 Hoe weet ons die onderwyser is kwaad vir Neelsie? Gee twee bewyse. (2)

4.3 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE. Begin soos aangedui.

Meester sê: "Die graad 8's het die toffies vir my gegee!"

Meester skree dat … (2)

4.4 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord.

Meester is **kwaad** vir Neelsie.

(1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die **infinitief.** Begin soos aangedui.
Neelsie moet dankbaar wees.

Neelsie **behoort …**

(1)

4.6 Skryf die volgende sin oor in **ontkenning.**

Neelsie luister altyd na Meester.

(1)

4.7 Kies die regte woord tussen hakies.

Die seun met (wat/wie) Neelsie gesels, sit langs hom.

(1)

4.8 Gee 'n **sinoniem** vir die woord tussen hakies.

| Willem en Neelsie is (ongehoorsame) seuns. |
|---|

(1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die volgende tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: TYDSKRIFARTIKEL**

**VAN 'N STRAATVEËR TOT WENNER VAN SOUTH AFRICA'S GOT TALENT TOT 'N OPERASANGER**



Mnr. James Bhemgee het sedert sy tienerjare elke oggend al singende die strate van Bowbray gevee. Mev. Fuhr het hom gehoor en was beïndruk met sy suiwer, sterk en pragtige stem. Sy het dadelik gereël dat hy sanglesse kry. Hy was 45 jaar oud toe hy vir South Africa's Got Talent ingeskryf het. Hy was baie bang en senuweeagtig. Die beoordelaars en mense van Suid-Afrika het baie van sy sang gehou. Hy het die meeste stemme gekry en die kompetisie gewen. Sy lewe het sedertdien baie verander. Vandag sing hy operas en het ook al die verhoog met wêreldberoemde musikante gedeel. Dit wys jou drome kan waar word!



5.1.1 Gee die regte vorm vir die woorde tussen hakies.

James is die 5.1.1.1 (goed) sanger en almal bewonder sy 5.1.1.2 (pragtig) stem.

(2)

5.1.2 Skryf die **intensiewe** vorm vir die onderstreepte woord.

James is nou baie <u>**beroemd**</u>.

(1)

5.1.3 Verbind die volgende sinne. Gebruik die voegwoord tussen hakies.

James het altyd gesing. Hy het die strate gevee. (terwyl)

(1)

5.1.4 Vorm ‘n **betreklike voornaamwoord** van die woorde tussen hakies.

Die lied ( na + wat) die meeste luister, is “I Believe”.

(1)

5.1.5 Gee **een woord** vir die woorde tussen hakies.

James het (elke oggend) die strate gevee.

(1)

5.1.6 Skryf die volgende sin oor in die **direkte rede.** Begin soos aangedui.

James sê dat hy so gelukkig is om elke dag te kan sing.
James: “… (2)

5.1.7 Korrigeer die spelling van die onderstreepte woorde.

James is ‘n 5.1.7.1 **50-jaarige** man wat van 5.1.7.2 **Suid Afrika**. Hy het al baie mense 5.1.7.3 **geinspireer**.

(3)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd**.

James is baie opgewonde oor sy drome.

(2)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die **lydende vorm.**

Andy Sadler skryf al sy liedjies.

Al sy liedjies … (1)

**[14]**

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



Terry does some campfire cooking.

5.2.1 Kies die KORREKTE voornaamwoord.

Die seuntjie hou (syself/homself/haarself) besig. (1)

5.2.2 Vorm ‘n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

Dit is nou die seun se (eet + tyd). (1)

5.2.3 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

John braai heerlike wors op die vuur. (1)

5.2.4 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Dit is ‘n klein (vuur) wat brand. (1)

5.2.5 Gee die MEERVOUD vir die woord tussen hakies.

John se (vriend) kon nie vanaand saam braai nie. (1)

5.2.6 VERBIND die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.

John voel gelukkig. Hy gaan nou lekker eet. (want) (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**